

Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

Ds. PJ Kriel

22.05.2022

Inhoud Hierdie preek wys hoe gelowiges optree wanneer die regering hulle as staatsvyande verklaar en behandel omdat hulle die amp van owerheid as hul persoonlike magposisie opeis en vertoon. Gelowiges neem die noodreg op om die dienste wat 'n vervalle staat laat verbrokkel uit te voer en hulle diens 'n teken te maak van God se heerskappy oor die owerhede van die wêreld. Gelowiges neem nooit nooddienste op as 'n mag teenoor die owerheid nie.

Skriflesing 1 Samuel 26: 1 - 25

Teks 1 Samuel 26: 24 “Kyk, soos u lewe vandag kosbaar was in my oë, mag my lewe so kosbaar wees in die oë van die Here, en mag Hy my red uit alle nood.”

Tema Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

1. Hoe moet ons optree wanneer die regering ons 'n staatsvyand gemaak het? Ons moet die septer van die staat 'n simbool maak van God se heerskappy oor die konings van die aarde!

Dit is presies wat Dawid met Saul se spies doen.

Die geloofsgeskiedenis van Dawid en Saul op die heuwel van Hagila gaan oor die spies van Saul. Saul was as koning van Israel deur die Here gekies en gesalf. Sy persoonlike spies was nie net 'n wapen nie, maar die septer van die staat. Só word dit beskryf in 22: 6 “Saul het in Gibeon op die hoogte onder 'n tamarisk gesit met sy vegspies in sy hand, met al sy amptenare wat daar by hom staan.”

Hierdie spies is soos die groot septer in ons parlement wat teken is dat die parlement die staat verteenwoordig en die regerende party die owerheid van die land verteenwoordig.

Wie die septer, die spies in sy hand het, tree op as die wettige hoof van die regering wat die owerheid van die land verteenwoordig.

2. Waarvoor het Saul hierdie spies gebruik?

Hy het dit al voorheen twee keer gebruik om Dawid in die paleis te probeer doodmaak en ook om sy eie seun Jonathan in die paleis te probeer doodmaak.

Hoekom?

Dit gaan oor die godsdienstige verskil tussen Saul en Dawid. Saul het sy salwing as koning van God eers aanvaar, maar daarna het hy van God 'n afgod gemaak wie Hom in sy sondes moes bemagtig. Hy wou met offers aan God sy manskappe se vrees besweer en verseker God sal hulle oorwinning gee (13: 11,12) Hy het God se vasgebod gebruik om sy wraak te laat geld (14:24), hy wou sy eie seun Jonathan aan God offer as bewys van sy erns met God, maar eintlik om sy eiemagtigheid op sy troep af te dwing (14:44) en Hy het God se opdrag vir 'n uitwissingoorlog

Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

geïgnoreer om hom en sy troep met oorlogsbuit te verryk en om sy mag met konings wat hy verslaan het, uit te brei. (15: 9)

In effek het Saul nie meer sy salwing as koning deur die Here aanvaar nie, maar die koningskap van God gekaap as sy persoonlike mag. Daardeur het hy ook die Here se volk slawe van sy magsambisie gemaak en die land wat die Here aan sy volk gegee het, gekaap as sy persoonlike eiendom waarvoor hy kon besluit wie mag en wie mag nie die land bewoon nie. Daarom stel Dawid gemik op Saul die uitspraak: “Maar as dit mense is, vervloek is hulle voor die Here, want hulle het my vandag verdryf weg van deelname aan die erfenis van die Here deur te sê, ‘Gaan dien ander gode!’” Dit is om buite die beloofde land ander gode te gaan dien. (26:19)

Saul het God se amp as koning sy persoonlike magsposisie, God se eie volk sy slawe en God se land sy persoonlike eiendom gemaak.

Saul gebruik sy spies, die septer van die staat as sy persoonlike magsimbool. Daarom kon hy die simbool van staatsgesag as ’n persoonlike moordwapen teen Dawid en selfs sy eie seun Jonathan gemaak het. (18:11, 19:10 en 20:33)

3. Waarteen gebruik Saul die gesag en mag staat?

Dit wys in Saul en Dawid se laaste gesprek in die donker op die heuwel van Hagila. Dawid wys Saul dat hy die hele weermag gebruik teen hom as een onskuldige man, wat nog altyd net die eer van die koning en die belang van die staat gedien het. (26: 18) Dawid het nooit die eer of gesag van die koning of die Here se volk aangetas nie.

Saul bely openlik teenoor Dawid dat hy teen Dawid gesondig het met die woorde: “Kyk, ek het dwaas opgetree, en die spoor heeltelmal byster geraak.” (26:21) Daarmee erken Saul dat hy sy koningskap, die weermag en die volk van die Here misbruik het om Dawid onskuldig te probeer doodmaak. Saul wou Dawid kwaad aandoen omdat hy geweet het God het hom as Saul as koning verwerp en Dawid as koning in sy plek verkies. Saul wou teen die raadsplan van God sy eie familie die magshouers van Saul se persoonlike mag oor Israel gemaak het. Dit terwyl God konings na sy wil self, aanstel en gebruik om sy volk te regeer.

Dit erken Saul teenoor Dawid maar nie teenoor God nie, met die godlose en skynheilige magsuitspraak “Mag jy geseënd wees, my seun Dawid. Jy sal nie net baie vermag nie, maar beslis oor seëvier.” Saul glo nie meer in God wat seën nie, maar in mag wat seëvier. Met hierdie skynheilige verklaring erken hy dat Dawid meer as hy sal vermag!

Saul het die amp en mag van die owerheid misbruik om vir homself ’n magsdinastie op te bou en daarom Dawid as onskuldige en gelowige dienaar van die Here met die volle geweld en mag van die volle mag en geweld van die owerheid probeer uitwis.

Saul het Dawid as gelowige en regverdige as staatsvyand verklaar, sy gekaapte staat se vyand, en Dawid met al die magte van die owerheid probeer uitwis. Dit is wat Dawid aanwys met die sin: “Want die koning van Israel het uitgetrek om na een vloei te soek soos iemand wat agter ’n patrys aan is in die bergwêreld.” (26: 20)

Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

4. Wat doen Dawid wat onskuldig as staatsvyand verklaar en op jag gemaak word?

Die militêre operasie in hoofstuk 26 is 'n hakkejag-operasie! Saul het die hele staande weermag oorhaastig gemobiliseer en gejaag na waar Dawid sou wees. Uitgeput moes hulle toe 'n oornagkamp haastig opslaan. So het die Here oor Saul en sy moë bevelvoerders en troepe 'n diep slaap beskik waarin hulle nie waggehou het of ingestel was om geluide te hoor nie. (26:12)

Met dieselfde dapperheid uit sy geloof in die Here waarmee Dawid Goliat verslaan het, vat Dawid sy neef Abisai saam en gaan kruip rond binne die oornagkamp van Saul en sy weermag. Ons moet Dawid se geloofsbelydenis teenoor Goliat hier in gedagte hou: "Jy kom na my toe met 'n swaard en 'n vegspies en met 'n kromswaard, maar ek kom na jou in die Naam van die Here, die Heerser oor alle magte, die God van die gevegslinies van Israel, van wie jy 'n bespotting maak." (17: 46)

En toe doen 'n geleentheid voor wat Dawid nie beplan het nie! Saul se lyfwagte slaap en sy spies is onbewaak. Die geleentheid is onmiddellik vir Dawid ook 'n versoeking om sonde te doen. Sy neef Abisai stel hom in die versoeking met die aanbod dat hy Saul met sy eie spies sal doodmaak. Abisai se versoeking is dat hy hierdie sonde regverdig as die wil en beskikking van God: God het Saul in Dawid se mag gegee. Dit is die waarheid, maar om moord te pleeg is 'n leuen. Abisai sinspeel daarop dat God Dawid as koning gesalf het. Dit is ook die waarheid, maar om die mag te gryp deur 'n moord, is sonde. Abisai maak asof Dawid onskuldig sal wees en hy die skuld vir die moord sal dra, maar dit is 'n leuen want deur Dawid se goedkeuring te vra, maak Abisai Dawid aanspreeklik vir Abisai se moord. Die versoeking lyk geregverdig want daarmee sal 'n burgeroorlog gekeer word, die anargie in die land gestop word en baie lewens gespaar word. Maar nog, die moord met die septer van die staat, Saul se spies, sal 'n slag wees wat almal in Israel in vrees aan Dawid sal onderwerp.

Die hart van hierdie versoeking is egter dat met hierdie moord sal Dawid 'n koning word net soos Saul: Dawid sal die spies, die simbool maak van sy persoonlike mag - van sy moord op Saul waardeur hy die mag om koning te wees self gegryp het. Hy sal nes Saul die volk van die Here met vrees aan hom as slawe onderwerp en daardeur sal Dawid God se land vir sy volk weer sy persoonlike besitting maak

Die staatsepter sal die magsimbool van Dawid se staatskaping wees nes dit simbool van Saul se staatskaping was.

5. Wat doen Dawid wat onskuldig as staatsvyand vervolg word? Hy weerstaan die versoeking uit en deur sy geloof in God en gee die bevel dat Abisai nie moord in sy naam mag pleeg nie. Dawid weier om deur geweld, 'n moord, die mag om koning te wees te gryp. Hy weier om deur geweld die staat vir homself te kaap.

Dawid weier om koning te word deur moord. Dit is 'n geloofsdad. Omdat Hy glo Saul se lewe bly in God se hande, al het God Saul vir 'n oomblik in Dawid se mag gegee, vermoor hy nie vir Saul nie. Uit sy geloof dat God sal Saul of met 'n gewone dood of met 'n dood op 'n slagveld laat sterf, erken Dawid dat hy nie oor lewe en dood beskik nie. Hy is nie God nie al het God Saul in sy mag oorgegee.

Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

Dawid gryp nie die troon met mag nie uit sy geloof dat God konings aanstel en konings tot 'n val bring. God troon en onttroon! Al is konings soos Saul goddeloos, ontken hulle god, beveg en misbruik hulle God en hulle mag.

Maar Dawid vat die spies!

Nie as 'n moordwapen nie, maar om dit 'n simbool te maak van God se mag oor konings en mense. Met hierdie magsdaad ontbloom Dawid die onbevoegdheid van die weermag. Hulle verdien eintlik geregtelik die dood omdat hulle nie die koning wat God aangestel het bewaak en beskerm het nie. Dawid maak van Saul se magsimbool 'n simbool dat God konings wat mag misbruik om mense onskuldig met die mag van die staat as staatsvyande te behandel, oor gee aan die mag van hulle wat onskuldig vervolgt word. Dawid maak van die spies 'n simbool van God se mag om die kwaad van konings aan te spreek en te ontbloom op so wyse dat Saul openlik sy magsmisbruik teenoor Dawid erken. Saul sien weer sy spies as die simbool van God se mag om konings konings te laat wees.

En dan gee Dawid die spies, die septer van die staat aan Saul terug! Gelowiges maak altyd die septer van die staat 'n simbool van God se heerskappy oor alle gedag en mag om só weer die gesag en mag wat maghebbers het te erken en nie eiemagtig op te eis as eie magsimbool nie.

6. Gelowiges maak van die septer van die staat altyd 'n geloofsimbool omdat hulle Jesus Christus die heerser oor al die konings van die aarde is. (Open. 1: 4,5) Dit is uit hierdie geloof dat gelowiges altyd optree in geleenthede waarin hulle mag kry oor gesagvoerders. Hulle kry die septer in die hande, gebruik dit nie vir eie mag of geweld nie, stel die kwaad en onbevoegdheid van gesaghebbers aan die orde en spreek dit aan en dan gee hulle die septer terug as simbool van god se mag oor alle gesag en magte.

Dit gebeur op alle vlakke van die samelewing – ook tussen ouers en kinders. Dit is wanneer 'n pa byvoorbeeld sy tiener kind saamvat na 'n drinkplek, homself te pletter drink, na die kar toe loop, die sleutels op die grond laat van en dit nie kan optel in sy onvastheid op sy boete nie. Wat doen só tiener kind dan? Hy tel die sleutels van die kar op, dit is, hy vat die spies en septer van sy pa se gesag! Wat maak hy met hierdie sleutels in sy hand? Hy los nie sy dronk pa daar en gaan jaag spoggerig voor sy vriende rond om sy mag aan hulle te vertoon nie. Hy help sy pa in die kar in en bestuur die kar huis toe om sy nie dronk te laat bestuur en hulle beide te verongeluk nie. Dit doen hierdie tiener al het hy nie 'n lisensie nie en het sy/haar pa hom/haar verbied om met sy kar te mag ry.

Só gebruik 'n kind die magsimbool van sy in sy dronkenskap – hy maak dit 'n geloofsimbool van God se mag: ek sal doen wat ek moet doen met die magsimbool deur geloof in wie god my ouer laat wees en só sy kwaad en onbevoegdheid aan die orde stel, hom beveilig en dan die sleutels terug as tiener wat nie mag kar bestuur nie.

Dit is hoe gelowiges 'n simbool van mag 'n geloofsimbool maak in geleenthede waarin hulle die mag van gesagsdraers in die hande kry.

Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

7. Dit gebeur ook as ouers hul kinders hul vyande maak per geleentheid hul kinders hul vyande wanneer hulle moeg is om te voorsien, losbandige verhoudings het of eiemagtig net weer self 'n tiener wil wees.

Dan wil hulle los wees van hul rol en gesag as ouers. Gebeur dit dan weet 'n tiener byvoorbeeld, nou is ek en my boeties en sussies die vyande in hierdie huis van hulle wat ons moet versorg, beskerm en lief hê. Nou moet ouboet ma en die kleintjies beskerm want pa loop rond of ousus moet vir die kleintjies aantrek en kosmaak want ma is weer 'n tiener vandag. Gebeur dit, dan het sulke kinders nou die septer in die hand gekry. Hulle moet nou instaan as vader en moederfigure, sorg waarvoor die ouers moes gesorg het. Wat doen so kind as pa en ma uit hulle waanwêreld weer terug kom? Dan gee hulle die septer, die spies terug, en is weer kinders!

Ons as Afrikaanse gelowiges kom gereeld in hierdie land binne die posisie waarin Saul Dawid geplaas het. Ons word onskuldig as staatsvyande verklaar en behandel deur owerheidsinstellings of gesagsdraers. Dit word gedoen net om die mag van die staat en staatsinstellings teen ons op te neem as burgers van die land.

Ons word oorbelas op ons inkomstes vir gemeenskapsdienste wat nie meer vir ons self toeganklik is of vir dienste wat glad nie meer gelewer word nie. Ons word ons reg op ons eiendom ontsê, ook ons reg om ons eie sakeondernemings te mag hê of 'n eie lewe. Ons word ontwapen as verdagte terroriste terwyl ons nog die orde van die gemeenskap en staat handhaaf en stand hou. Ons word aan die geweld van kriminele uitgelewer omdat ons as die kriminele verdag gemaak word.

Binne hierdie anargisme in ons land gaan dit al meer en meer met ons gebeur dat jy een of ander tyd skielik met die spies van Saul, die septer van die owerheidsmag in jou hande staan as gevolg van die onbevoegdheid en agterlosigheid van amptenare en regeerders.

Wat moet ons as gelowiges doen wanneer ons hierdie mag in ons hande kry? Die Woord van die Here gee rigting oor hierdie besondere oomblikke wat op ons afkom!

1. Om so mag in jou hande te kry, is 'n geleentheid wat hom voordoen. Dit is nie strategie en doelwit wat ons het teen die owerheid nie.
2. Ons neem hierdie mag wat in ons hande kom op nie op as ons eie magsimbool soos die goddeloses dit in hierdie land doen nie, maar ons maak dit 'n geloofsimbool van God se mag oor alle magte en alle gesag.
3. Ons gebruik hierdie mag om die kwaad van die onbevoegde en agterlosige amptenare aan die orde te stel en aan te spreek.
4. Ons gebruik hierdie mag om die werk en diens wat nie gelewer word nie op ons te neem as nooddiens en noodreg, nes 'n seun sy dronk pa huis te ry sonder 'n lisensie.
5. En dan gee ons hierdie mag weer terug aan die gesagvoerders sodat hulle weer aanspreeklik is vir dienslewering.

Gelowiges maak die septer van die staat simbool van God se heerskappy.

Waar ons só optree, leef ons uit ons geloof dat Jesus Christus die heerser oor die konings van die aarde is, nes Dawid. (Open. 1: 4,5)